

BOEKE

UP vereer De Vries vir werk

Skrywer ontvang eredoktorsgraad

AJ Opperman

"Ek het al die indruk gekry dat kortverhale teen romans afgespeel word, maar moes ek my nou daaraan steur?"

So sê die skrywer Abraham H. de Vries, veral bekend as kortverhaalskrywer, wat onlangs 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Pretoria (UP) gekry het.

"Die skryf en vertel van kortverhale is nie 'n talent nie. Ek kan my nie asemhaal daarsonder voorstel nie."

De Vries (84), een van die Sestigers, het benewens sy eie werk verskeie bloemlesings van die Afrikaanse kortverhaalkuns saamgestel.

Prof. Vasu Reddy, dekaan van die fakulteit geesteswetenskappe aan die UP, beskryf De Vries in sy rede as die "voerste kortverhaalskrywer in die Afrikaanse letterkunde".

De Vries het meer as 20 kortverhaalbundels uitgereik. Daarbenewens is onder meer 'n novelle en 'n digbundel uitgereik en het hy Nederlandse literêre werke in Afrikaans vertaal.

Hy sê kortverhale word nie in die letterkunde as "prosareuse" beskou nie.

"Die kortste Engelse kortverhaal word toegedig aan Ernest

Hemingway met sy 'For Sale: Baby Shoes, Never Worn'. Ses woorde. Die Afrikaanse vertaling is korter: 'Te koop, babaskoene, nooit gedra'. Vyf woorde. Die enigste wat die woord kortverhale pretendeer, is dat dit 'n voor die hand liggend ingewikkelde genre is wat al in die Bybel, in Griekse mitologie, wetenskap, in die nuwer letterkunde en die poësie en prose van vele ander voorkom: Henri Michaux, Jan Rabie en Breyten Breytenbach."


De Vries voel egter sterk daaroor dat die Afrikaanse kortverhaal – in al sy gedaantes – ook sy plek in tersiêre opleiding verdien.

"Dat Afrikaans 'n kanon nodig het, is baie belangrik. Afrikaanse kortverhale is verhale in dié taal wat prof. Mahmood Mamdani van die Makerere-Universiteit in Uganda beskou as 'die suksesvolle dekoloniseringsinisiëf in Afrika'. Daarvan is die werk van jong kortverhaalskrywers genadiglik uitstekende voorbeelde."

De Vries, wat in die distrik Ladismith in die Klein-Karoo gebore is, het hom vroeg in sy loopbaan teen apartheid en sensuur uitgespreek.

Hy het as jong skrywer by die Sestiger-beweging aangesluit.

Prof. Reddy sê: "Sy oeuvre word deur diversiteit en literêre



Abraham H. de Vries

Foto: JAMES HESS

sofistikasie gekenmerk. Aan die een kant het hy dwarsdeur sy loopbaan kortverhale geskryf wat in hul eenvoud die platte landse lewe van gemeenskappe en individue in die Klein-Karoo en sy geboorteplek oproep. Sy verhale maak staat op humor, ironie, satire en 'n bedrewe taalgebruik.

"Aan die ander kant gebruik De Vries gesofistikeerde literêre tegnieke waar tekstuele organisering, die spel met aanwysers en metafore en literêre intertekstualiteit die leser op die postmodernistiese gelaagdheid van sy tekste bedag maak."

De Vries is dankbaar dat juis die UP hom met hierdie "onverdiende eer beloon".

"Hul departement Afrikaans en Nederlands weet die aarde het 'n dorp geword. Dis waar hul veeltalige tydskrif met sy ou en gerespekteerde titel, *Tydskrif vir letterkunde*, hoort. Hierdie tydskrif is nou beskikbaar in e-formaat oral in Europa en in Afrika. Om Afrikaans saam met ander tale van ons vasteland te groepeer, is na my mening 'n prysenswaardige transnasionale onderneming. Dit is waar ook Afrikaans met, in die woorde van Van Wyk Louw, sy 'magtige skoonheid en stil droefenis' ontstaan het en hoort."

Die dramaturg Athol Fugard en politikus Aziz Pahad het ook Vrydag eredoktor van die UP gekry.

Vundla en Ibrahim nou doktors

AJ Opperman

Mfundi Vundla, skopper van die SABC1-sepie *Generations: The Legacy*, en die jazzlegende Abdullah Ibrahim het Maandag eredoktorsgrade van die Universiteit van Pretoria (UP) ontvang.

"Die kunste speel 'n belangrike rol omdat dit 'n speel vir die gemeenskap ophou," sê prof. Tawana Kupe, visekanselier.

"Mfundi Vundla en Abdullah Ibrahim is voorlopers in hul onderskeie velde en het unieke Suid-Afrikaanse stories vertel."

Ibrahim, 'n pianis, het 'n eredoktorsgraad in musiek ontvang.


Hy het oor dekades wêreldwyd getoer, waar hy in konsertsale, klubs en op feeste uitverkoopte vertonings gelewer het – as solokunstenaar en saam met ander kunstenaars.

"Ons is trots daarop om dr. Ibrahim se reusebydrae tot musiek met hierdie eredoktorsgraad te erken en geëerd dat hierdie ikoniese Suid-Afrikaanse jazzmusikant aan die UP se kunsskool se afdeling vir jazzstudies verbonde is," sê prof. Alexander Johnson, hoof van die kunsskool.

Prof. Vasu Reddy, dekaan van die fakulteit geesteswetenskappe, sê: "Ibrahim het uit 'n mengsel van sekulêre en godsdiensige, tradisionele en moderne musiek 'n unieke styl,



Mfundi Vundla, skopper van die SABC1-sepie *Generations: The Legacy*.



Abdullah Ibrahim

skappe, sê: "Ibrahim het uit 'n mengsel van sekulêre en godsdiensige, tradisionele en moderne musiek 'n unieke styl,

harmonieë en 'n musikale woordeskat ontwikkel."

Vundla, ook dramaturg en skopper en vervaardiger van Morula Pictures, het 'n eredoktorsgraad in letterkunde ontvang.

Hy het hom oor die afgelope 50 jaar as 'n reus in die Suid-Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf gevestig.

Sy werk weerspieël sy politieke bewussyn en toewyding aan maatskaplike verandering in Suid-Afrika.

Hy is ook die skopper van die dramareeks *Jozi Hen* en die vervaardiger van die bekroonde animasiereeks *Magic Cellar*.

"Dit is allermens oordrewe om te sê mnr. Vundla het die plaaslike televisielandskap met die grensverskuivende *Generations* vir altyd verander," sê Chris Broodryk, voorsitter drama aan die UP.

Volgens Reddy is dié eredoktorsgraad 'n manier om Vundla se manmoedigheid as kunstenaar en sakeman te erken.

"Sy nalatenskap sal nog lang gevier en gestudeer word. Hy het as 'n anti-apartheidsaktivist en entrepreneur in die kunste met sy skeppende en sakeondernemings 'n blywende impak op die Suid-Afrikaanse kuns- en vermaaklikheidsbedryf gemaak."



This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

DALRO
Dramatic, Artistic and Literary
Rights Organisation (Pty) Limited